ZUTARI
IMPACT. ENGINEERED.

**T** +27 12 427 2000 **F** +27 86 556 0521 **E** tshwane@zutari.com

**A** Riverwalk Office Park, 41 Matroosberg Road,
Ashlea Gardens, Extension 6, Pretoria

South Africa
**P** PO Box 74381, Lynnwood Ridge 0040

**zutari.com**

05 Desember 2022

Geagte Belanghebbende

**Kennisgewing van Aansoek vir Geïntegreerde Omgewingsmagtiging en Watergebruikslisensie Aansoek vir die Voorgestelde Bierspruit Oogroef by Amandelbult Myn, binne Thabazimbi Plaaslike Munisipaliteit, Limpopo Provinsie**

Kennis word hiermee gegee ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 2002 (Wet 28 van 2002) (gewysing 2008), die Omgewingsimpakstudie Regulasies, 2014, kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval, 2008 (Wet 59 van 2008), dat Rustenburg Platinum Myn die uitbreiding van die bestaande mynbedrywighede deur die ontginning van die vlak Merensky- en UG2-riwwe voorstel wat binne die Amandelbult-mynreggrens val, en moet dus bykomend tot hul bestaande Omgewingsbestuursprogramverslag aansoek doen vir Omgewingsmagtiging. Aansoek om ‘n Watergebruikslisensie sal ook ingevolge die Nasionale Waterwet (NWA, Wet Nr. 36 van 1998) ingedien word. Die Omgewingsbestuursprogramverslag Addendum is aanvanklik goedgekeur deur die Departement van Minerale Hulpbronne: Direktoraat Minerale Ontwikkeling: Limpopo-Streek in 2002 (Verw. Nr. 6/2/2/48).

Zutari (Edms) Bpk is aangestel as die Omgewingsevalueringspraktisyn om die Aansoek om Omgewingsmagtiging voor te berei en by die bevoegde owerhede, die Department van Minerale Hulpbronne (DMR) en die Department van Water en Sanitasie (DWS) in te dien. Aangeheg, vind asseblief ‘n Agtergrondinligtingsdokument wat meer inligting oor die voorgestelde projek bevat.

Die Konsep Omvangbepalingsverslag, saamgestel ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (WNOB) en die Omgewingsinvloedbepalings (OIB) Regulasies van Regeringskennisgewing (RK) Nr. 982 van 2014, is nou beskikbaar vir kommentaar vir ‘n tydperk van dertig (30) dae vanaf **Maandag, 05 Desember 2022 tot Maandag, 30 Januarie 2023** by die volgende skakel: https://www.zutari.com/bierspruit/

Indien u as Belanghebbende en Geaffekteerde Party (B&GP) wil registreer, kommentaar wil lewer of toegang tot die Konsep Omvangbepalingsverslag wil kry, kan u die Publieke Deelname kantoor kontak tussen **Maandag, 05 Desember 2022 tot Maandag, 30 Januarie 2023 via** die volgende kontak metodes:

Tel: +27 12 427 2072
Epos: ppp@zutari.com
Posbus 74381, Lynnwood Ridge, 0040
Faks: 086 556 0521

Die Uwe

Z. Xakayi

Zinzi Portia Xakayi
Omgewingskonsultant

Natanya Whitehorn
Omgewingsevalueringspraktisyn

**Zutari (Pty) Ltd** | Reg No 1977/003711/07 | **Board of Directors** (07/2020) NN Gwagwa (Chairperson)*, ZB Ebrahim*, PJ Hendricks, M Msiwa*, J Ndala, GT Rohde *Non-Executive Director

ISO 9001 Certified | Member of CESA and ASAQS | Silver Founding Member of the Green Building Council of South Africa